


141411013

Recency Da 2LR F  
95

48

p 95



DIE HEREHUIS.

TOKAI.

THE MANOR HOUSE.

# TOKAI.

Coloured  
Institution  
ANNUAL.

1939.

Kleurling  
Inrigting  
JAARBLAD.





## FOREWORD.

By: Mr. D.D. Leslie, Board Member, Tokai Reformatories Board.

As the senior member of the Reformatories Board, I have been requested to write a foreword to the first Annual Magazine for the Coloured Institution.

Conditions there have not improved to the extent in which they have at the European Institution, but all the same there has been very great improvement since I first joined the Board early in 1924. Here you will not find the hostels and amenities which have helped considerably in making such a tremendous change in the European Institution, although we are hoping that the long-awaited new buildings will soon be taken in hand.

In the early days the inmates were treated like juvenile convicts, but things have become very different of late years; especially since the present Principal took charge under the aegis of the Department of Education.

Nowadays they have their religious and eie-aand societies, and people from outside the institution give addresses to them; they have community singing, concerts, dramatics and bioscope shows. They are taken for picnics and outings and some of the boys are allowed to spend weekends at home; football league matches are played against outside teams.

In many different ways endeavours are made to bring back to them their self-respect. The Vice-Principal of the section has for some time been trying to get the parents of the inmates to interest themselves in the boys and to visit them at the institution.

Lately there has been a marked improvement in the tone of the pupils, and it is fitting that they should now follow the examples of the European Institution and issue their own Annual Magazine.

I wish them every success and trust that it will improve with every issue; and that the pupils will do their very best to make it a journal in which they can take an honest pride.

D.D. LESLIE.

'n TERUGBLIK.

Deur die Prinsipaal - Mnr. W.D. Marais.

As die jaar tot sy einde snel dan gee 'n mens onwillekeurig 'n blik op alles wat verby is; dink om vriende wat uit ons horison verdwyn het; om nuwe ideale wat mens nie kon bereik nie; en aan ou ideale wat die dood moes sterwe.

Ons wens dat sekere dele van die jaar weer mag terugkom; sodat ons hierdie dele weer kan oorlewe. Daar is blydskap oor sekere gebeurtenisse - daar is droefheid oor anderse.

Wat 'n sien dat ons elke jaar 'n nuwe blad kan oor-slaan en die nuwe jaar altyd 'n nuwe naam mag gee - en al weer nuwe ideale mag skep!

Die afgelope jaar was vir ons irrigting 'n baie gewigte.

Ons het onsself sekere ideale soos die volgende gesetel:

- (1) 'n Beter onderlegde staf.
- (2) 'n Beter algemene gees beide by leerlinge en staf.
- (3) 'n Beter sosiale program vir spaartyd.
- (4) Beter geestelike bearbeiding.
- (5) Beter georganiseerde spele.
- (6) 'n Beter ingeligte publiek.
- (7) Nuwer toesig oor huise van leerlinge beide voor en na plasing.
- (8) Meer gereelde na-sorg oor leerlinge.
- (9) Beter lone vir uitgeplaaste leerlinge.
- (10) Meer vakke vir opleiding en Klasonderrig tot Std. V11.

Ek kan nie uitwei oor elkeen van hierdie rubriek in die kort bestek van so 'n blad nie maar wil en moet melding maak van die getroue gees wat die staf geopen-

baar het in die vordering van daardie voorafgestelde program.

Nie in 'n enkele opsig was daar nie lewe te bespeur nie - en by elke skof moes ons met dankbaarheid erken dat ons leerlinge dit werd was, en goed gereed was vir die ontwikkelinge.

Ons Kleurling-publiek word sosiaal wakker maar hul taak is enorm.

Ons verwag dat hulle die berge wat vóórlê met egte organisasie, tak en die regte gees gaan verwyder.

Die leerlinge hier reageer goed maar ons werk is nutteloos, as ons nie ook 'n beter samelewing kweek waarin ons hulle kan terugbring nie.

Die publiek smag na leiding - waar is die leiers? Komaan! Daar's werk vir 1940!!!

Die beste wense vir 'n aangename Kersfees en 'n geseënde Nuwejaar.

W.D. MARAIS.

Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.

TOKAI ESTATE HISTORY:

The Tokai estate, on which is built one of the most imposing of old Dutch residences at the Cape, probably designed by Thibault and built at the time of Lady Anne Barnard against the slope of the mountain, was originally part of the grazing ground granted to Wouter Valkenier, Commissioner for the Dutch East India Company in 1700. The earliest grant of which any record exists is that of 1792, to Andreas Rauch, by Governor Rhenius. In the Kaapsche Courant for 20th September, 1800, appeared this notice: "A beautiful country residence for sale called Tokay, with the land belonging to it, casks, slaves, furniture, etc." It was purchased by Caspar Roots for 45,000 guilders.

On the lawn in front of the Manor House is a stone bearing the initials and date "H. C. 1802." The buildings were erected prior to this date and in all probability it happened shortly after 1792 when the grant to Rauch was registered.

In 1814 Tokai became the property of Hendrick Oostwald Eksteen, who one evening for a wager rode his horse up the stoep steps, through the front door, and round the dining room table. In essaying to descend the steps, however, the horse stumbled and Eksteen was killed. His ghost is believed to ride the room and stoep at certain times.

In later years the estate was destined to be used for Reformatory Schools. It was acquired by the Government in 1880 and the Manor House became the residence of the Warden of these institutions.

It happened that the Honourable W. Porter died in 1878, and under his will, bearing the date 12th November, 1878, left a sum of "£20,000 for or towards the establishment and maintenance at the Cape of one or more Reformatory Schools in the hope that the Cape Parliament will by some Act or Acts thereof based as far as may be deemed expedient upon the principle of the Act or Acts for the time being in force in England in regard to Reformatory Schools, provide for the erection or adaptation of suitable

buildings ... and generally for all purposes connected with the same. But it is to be clearly understood that nothing herein contained is intended to fetter in any way the discretion of Parliament in providing such means and machinery as to itself may seem best for carrying out the contemplated object..."

In consequence of this bequest, the Reformatory Institutions Act of 1879 was passed by the Cape Parliament, and a select committee, which sat in 1881, reported that the time was ripe to establish a Reformatory and recommended accordingly. The Valkenburg Estate was purchased out of the bequest for £7,500, and the institution was opened there in 1882, the total expenditure in connection with the land and buildings being over £13,000. In December, 1881, certain Commissioners were appointed to administer the Act and institution, and these continued their labours until the 30th June, 1889, when the Government took over the sole control from the Commissioners, who were known as the Managing Board. The Reformatory schools at Valkenburg opened with 22 inmates, and in 1889 this number had risen to 55. In 1890 the Valkenburg Estate was handed over to the Government for use as a lunatic asylum, the bequest receiving in exchange 136 morgen of the Tokai Estate. This estate had originally been purchased by the Government in 1880 for the establishment of a lunatic asylum, and its total area was 286 morgen 570 square rods. The purchase price was £7,500, the same as the original cost of Valkenburg, but when the exchange was made, the bequest received less than half of Tokai, since the forest Department had taken possession of the major portion.

In 1890 the first large block of buildings for a Reformatory School was erected whereas in 1923 the beautiful new hostel was built at the European Institution and the old wards turned into workshops. In July, 1934, the Union Education Department took over the control from the Department of Prisons and since then a new phase has come into being.

W.D. MARAIS.

## ONS RAAD EN STAF.

Vir algemene informasie wil ons graag hiermee 'n lys van ons Raad en ons Staf gee. Graag wil ons ook van hierdie geleentheid gebruik maak om ons Raad sowel as ons Staf namens die Prinsipaal en leerlinge vir hulle getroue dienste in die verlede hartelik te bedank.

### ONS RAAD:

Voorsitter: Mnrr. H.P. Keevy (Senior Magistraat van Wynberg).

Lede:  
 Mnrr. D.D. Leslie.  
 Mnrr. E.C. Dyason.  
 Ds. P.B. Ackerman.  
 Prof. J.F. Burger  
 Mnrr. H.W. Drew.  
 Mnrr. C. Rose-Innes.  
 Adv. H.H. Beck.

### DIE STAF:

Prinsipaal - Mnrr. W.D. Marais, B.A.  
 Visi-Prinsipaal - Dr. C.M. van Antwerp, M.A. PH.D.

### ADMINISTRATIEWE STAF:

Inrigtingsklerk - Mnrr. D.R. de Wet.  
 Stoorman - Mnrr. J. Pretorius.  
 Rekordklerk - Mnrr. V. Austin.  
 Stoormansklerk - Mnrr. V.I. Hamman.

### DIE SKOOL:

Onderwyser en Huisvader (Porterhuis) - Mnrr. S.W. Maree.  
 Onderwyser en Ass. Huisvader (Porterhuis) - Mnrr. J.H. van Wyk.  
 Onderwyser, (Sportsmeester en Ass. Huisvader (Orpenhuis) -  
     Mnrr. P.J. Els.  
 Onderwyser en Sportsmeester (Porterhuis) - Mnrr. W.F.  
     du Plooy.

INSTRUKTEURS:

Tuinbou	- Mnr. G. Marais.
Melkery	- Mnr. E. v.d. Horst.
Boorde en Wingerde	- Mnr. P. Hauptfliesch.
Skoenwinkel	- Mnr. O.M.J. van Vuuren.
Skilderwinkel	- Mnr. H.J. Roller.
Klerewinkel	- Mnr. A. Stander.

HUISMEESTERS:

Seniorhuismeester - Mnr. W.F. Clews.

Ontvangsbeampte en in toesig by Porterhuis - Mnr. A. Wenzel.

Ontvangsbeampte, in toesig en Huisvader by Orpenhuis - Mnr. F. Conradie.

Tuin Assistente - Mnr. B. Liebenberg.

- Mnr. S. van der Merwe.

- Mnr. J. Brits.

- Mnr. D.T. Adams.

- Mnr. W. Albertyn.

Melkery Assistent - Mnr. P. Opperman.

Boerde en Wingerde Assistent - Mnr. E. Mostert.

Kombuis en Eetkamer - Porterhuis - Mnr. L. Burger.

Kombuis en Eetkamer - Orpenhuis - Mnr. G.H. Adams.

Aflosbeampte en Ass. Huisvader - Orpenhuis -

Mnr. J. Greyling.

Mediese werk en hulp vir Visi-Prinsipaal -

Mnr. H. van Zyl.

Messelaarassistent - Mnr. J. Snyman.

Transport - Mnr. F. Stone.

Transport - Mnr. E. Henze.

Aanddienste - Mnr. M. Storm.

- Mnr. D. Wood.

- Mnr. J. Erskine.

- Mnr. J. Nel.

- Mnr. A. van Niekerk.

- Mnr. J. van Dyk.

Sanit  rewerk - Mnr. E.E. Grobler.

Matrone - Mevr. M.F. van Antwerp.

Ass. Matrone - Mevr. A.F. van Zyl.

IN MEMORIAM.

Wyle L.M. Rothman - Kleermaker-Instrukteur.

---

Lodevicus Marthinus Rothman, is oorlede op  
2 September 1939, in die ouerdom van 32.

Hy het diens aanvaar op 1 Junie 1939, so-  
dat sy verblyf in ons midde baie kort was.

Hy was besonder geliefd as gevolg van sy  
offervaardeg en minsaamheid. Soos uit die  
„In Memoriams“ blyk het die Heer in hier-  
die jaar tot die leerlinge gespreek maar  
heel in besonder tot die personeel.

WAT ONS OP TOKAI DOEN.

Dikwels word gevra wat eintlik op Tokai gedoen word. Party mense dink dat ons kinders meesal agter slot is en dus hulle tyd op 'n baie onaangename manier deurbring. Dit word dikwels vergeet dat ons inrigting 'n skool is, die enigste van sy soort vir kleurlinge. In hierdie inrigting is daar leerlinge van alle ouderdomme, uit alle provinsies en verskillende stede en dorpe. Hier is sowat 370 leerlinge bymekaar wat in die Tokai-inrigting is vir ons opvoeding en voorbereiding vir die toekoms.

Wanneer 'n leerling in Tokai land, dan vind hy uit dat hy nie in die hande val van mense wat hom wil afknou en straf nie; die nuweling vind dat die staf en leerlinge begerig is om hom te help en leiding te gee.

Elke leerling word geplaas in een of ander skool-groep en in 'n ambag. Die doel van die skool is om aan elke leerling die geleentheid te gee om te leer lees, skrywe en om ander nuttige dinge te leer. Onsskool gee opleiding tot en met Std. V11. In November 1939 het 5 kandidate die Std. VI eksamen geskrywe en almal het geslaag. In Junie 1939 het 11 kandidate geskrywe, 10 van hulle het geslaag. In November 1939 skrywe 19 leerlinge hulle Std. VI eksamens en ons hoop dat almal met lof sal slaag. As 'n seun dus sy bes wil doen dan kan hy op Tokai in die skool baie ver vorder. Ons het in Junie 1939 begin met 'n Std. V11 klas.

'n Ander afdeling van ons werk op Tokai is ons ambagte-seksies. Ons het verskillende ambagte waar 'n seun kan leer om nuttig met sy hande te werk. Ons dink aan ons skoenmakerswinkel, kleremakerswinkel, skilders-afdeling, messelaars, tuinbou, huiswerkafdeling en dies meer. Elke leerling kry dus die volste geleentheid om hom op een of ander wyse voor te berei vir die lewe. Leerlinge wat van die platteland kom en wat spesiale aangleg vir plaaslike toon, stuur ons na ons plaas Kromme Rhee, naby Stellenbosch.

Ons sorg nie net vir ons hande en verstand op Tokai nie. Vir ons kulturele ontwikkeling doen ons vir ons leerlinge ook heelwat; kom besoek maar ons Eie-aand-

verenigings en kom kyk net wat ons presteer op die gebied van musiek, lesings en toneelopvoerings. Ons orkes is al dwars deur die skiereiland bekend vir sy musiek. Jaarliks word ook 'n konsert deur die Inrigting gehou, wat stampvolle sale lok en op wie ons Inrigting trots is.

Wat betref ons geestelike lewe, word in hierdie opsig ook baie gedoen. Ons het ons eie Kapelaan-onderwyser Eerw. van Wyk, wat geestelik baie vir ons beteken. Hy gee leiding en rigting in ons Godsdienstigerenigings, Katkesasieklasse, en Sondagskole. Maandeliks word ons ook besoek deur Eerw. van der Merwe van Wynberg en Eerw. Andries van Retreat asook Rev. Skett van Retreat en die Roomse Priester van Dieprivier. Ons Sondagskool staan onder die flinke leiding van Mnr. Davids van Wynberg.

Elders in die blad sal u lees van ons sport-lewe. Ons glo daaraan dat elke leerling gesond moet wees en gesond moet bly. Vir hierdie rede word dus gesorg dat elke leerling goeie kos kry, genoeg oefening deur harde werk en fisiese oefeninge en sport. Vir hierdie rede doen ons seuns ook baie goed op die gebied van sport en atletiek.

En wat word van ons leerlinge as hulle die dag van ons weggaan? Dit is 'n vraag wat dikwels gevra word. Volgens die nuwe Kinderwet is dit nodig dat elke leerling onder toesig moet bly tot sy 21ste, 23ste of 25ste jaar. Gedurig word daar dus nog verder kontak met die leerlinge gehou. deur briewe en besoeke. Ook word vir sommige leerlinge werk verkry as dit nodig geag mag word. Die doel is om selfs die leerling wat uit Tokai is verder aan te help deur raad en daad.

Ons doel op Tokai is om mekaar te help. Niemand word verag of verstoot nie. Leerlinge sowel as die staf is hier soos een groot familie. Tokai is 'n skool, 'n opvoedings-inrigting; 'n inrigting waar elke seun sy verstand, gees en liggaam kan ontwikkel, maar bowel sy God kan vind.

ORPENHUIS.

Ha! Ha! daar is mos 'n eerste Jaarblad wat op ons wag vir so iets hier en daar. Maar die beginslag dis eintlik die vraag.

Wel, geluk Porterhuis met die nuwe name wat ons koshuise gekry het, ook met ons Matrone, Huisvaders en Assistent-Huisvaders. Dit bring ons nou regtig onder die besef ons is besig om 'n groot huisgesin op te bou. Mag ons daartoe in staat gestel word om te kan volhou met wat van ons verwag word as huisgesin.

Die eerste indruk wat ons kry, is die van vordering op Godsdienstige gebied. Elke veertien dae hou ons Godsdienstige Aand. Dis op die geaardheid van 'n Strewers Christelike Jongeliede vereniging. Waar die seuns nie eers daartoe kon gekry word, het hulle nou 'n koor van veertig lede. Rondborstig word deur groot getalle deel geneem aan die voorlees van gedeeltes uit die Bybel. Seuns lewer selfs kort stigtelike toesprake en gaan in die gebed voor. Ons is dankbaar dat ons die voorreg gehad het om by sulke geleenthede toesprake deur die volgende te kon hê:

Ds. Malan, Eerw. Wiesner, van Heerden, du Toit, van der Merwe, de Villiers, ons Prinsipaal, Visie-Prinsipaal, Mnre. Glenwright, Cronje, en selfs ook Mnre. Beukes van Caledon; vriende van Claremont se C.J.V. en lede van Dieprivier se Biduurkring. Dit was bepaald tot baie seën.

Ons het nou ook 'n Sondagskool met 'n personeel van 10 lede.

Daar word elke aan gereëld deur die seuns self godsdiens in die slaapkamers gehou.

Die tweede indruk wat ons kry is van die pragtige vordering op maatskaplike gebied. Aangesien die algemene gedrag so verbeter het, kan ons baie meer vertroue in ons seuns stel en is die voorregte gevölglik ook meer. So kan hulle bevoorbeeld vir naweke na hulle ouers se huise gaan.

Met lang naweke word uitstappies gereël, onder ander na Kaapstad en om Kaappunt.

'n Huiskomitee, bestaande uit vyftien seuns, deur die seuns self gekies, is in die lewe geroep. Hulle is skakels tussen die personeel en die seuns. Ook tree hulle vandag daadwerklik op om ewuels, wat in die verlede verreikende invloede gehad het, te bestry, so was daar neigings tot

doppel en kaartspel, asook daggarokery, wat met behulp van die personeel uitgeskakel is.

Net soos die Godsdienstige Aand, is daar die Eie-aand wat meer sosiale kleur het. Dis 'n aand vir die seuns deur die seuns. Die program is gewoonlik lank en goed afgewisseld; daar is resitasies, sangstukke, musiek, koor-sang en selfs debatte. Miskien is hier die geleentheid by uitstek om sluimerende talente na vore te bring. Plegtig is dit as die funksie aanbreek waarop afskeid van die wat uitgaan geneem word; dit gebeur elkemaand. Dit wek die besef dat hulle 'n plek gevul het in ons samelewinkie, dit spoor die wat vertrek sowel as die wat agterbly aan tot edeler lewe.

Daar is 'n nouer band tussen die personeel, seurs en ouers. Seuns word aangemoedig om gereeld aan hulle ouers te skrywe en andersom. Besoekte word aangemoedig en baie lede van die personeel ken die seuns intiem en stel belang in die huisgesinne waaruit hulle kom. Op Be-soek-Sondag, die eerste Sondag in die maand woel dit op Tokai.

Met vrymoedigheid kan ons beweer dat daar 'n oplewing in belangstelling is aan die kant van die publiek. Ons stel u gasvryheid, u aanmoediging, u besoek op prys; veral die geselskap wat ons gereeld elke maand besoek.

F. CONRADIE.

Life is a quarry out of which we are to mould and chisel and complete a character.

Goethe.

Who overcomes by force hath overcome but half his foe.

Milton.

PORTER HOUSE.

The following paragraph is supposed to be taken from a non-existent "Who's Who" for groups:-

"A very lively community of approximately 110 boys, ranging in age from 8 to 16 years and more. Meet them in the yard when they are at leisure to do what they like. 'A pleasanter crew you never spied! With wooden noiseless revolvers they play at Cowboys or while away the precious moments by indulging in "Bok-Bok Staan Styf." Are they downhearted? NO! Are they interesting? YES! - and what teases they are!!

Porter House comprises roughly one third of the total of pupils at the Reformatory. Whereas the Orpen House section are largely young men, reserved yet prone to the thousand and one temptations of war, wine and women; not one of the three being accessable and accordingly soon forgotten. The Porter House section are predominantly children, free from these maturer heart-aches and body-quakes.

Life at Porter House is two things: Work and hilarious play. With regard to the first, most of the boys, including the "tiny tots" of 8 or 10 years of age, are allocated to the gardens. Here tasks are meted out according to size. Yet, there is a whispering among the staff, that some of them could, after the initial stage, compete favourably with grown-ups at spade work.

But, boys will be boys, and woe to him who lacks a sense of humour and leniency for a bit of noise. We try to treat them as much. In fact, some are of the opinion that a good percentage of these youngsters should not be at the Reformatory at all.

The pupils of Porter House have their routine work, their physical recreation and social functions very much on the same lines as Orpen House. Some of the performances must be judged by love rather than by comparison. Maybe some of the Tom Thumbs are deficient in expression and lack polish on the platform, but the will to succeed is there and the spirit is fine. - Why judge the bud by the standard of the full blown rose.

Fairly early in the evening the Lockup-bell sounds through the yard. Far too soon for those who feel the lure and the spookish atmosphere of twilight verging on night. This is the time for "Robbers and Police." This is the time when the noiseless wooden revolvers are too silent for their purpose. It shoots forth from the hip, describes a semi-circle with the nozzle; the motion is accompanied by a succession of hearty bang-bangs. The unenlightened spectator expects to see horizontal slits of wounds.

But "Oubaas", the stern yet fatherly night-watch, is not to be outdone by a few moments. With a minimum of shuffle the boys line up according to their different dormitories. The bobbing forms full of excessive energy and transformed into little statues, erected in honour of .... They wait for the evening prayers to begin.

Few visitors, if any, who have had the privilege of attending this conclusion of the day, have not been impressed. In the clear starlit nights, the boyish voices, amplified by the surrounding buildings, echo far in the night. Do the stars wink approvingly? Perhaps the sound waves extend even further? For a moment the stranger wonders whether this service is also registered in heaven. Then as the singing becomes heartier and blend in better harmony - doubt subsides.

Some time later, these active actors, having come to the end of a perfect day, sleep in sweet repose, unconscious of the fact that the doors are securely locked with the double movement bolt of prison service, while the night-watch marks the tell-tale clock regularly.

J. VAN WYK.

A man's best friend are his ten fingers.

Collyer.

## DIE PLAAS KROMME RHEE.

Hierdie plaas is geleë in die Stellenboschse distrik, ongeveer 2 myl van Koelenhofstasie. Dit beslaan sowat 223 morgé en was vroeér in gebruik as 'n privaat inrigting waar kleurlingseuns onder die wet op Kinderbeskerming gehuisves was.

In latere jare is dit nie meer gebruik vir hierdie doel nie en op 1 April 1937 is dit as tak van Tokai ingerig.

Dertig Kleurlingseuns en 'n staf van vier - 'n Landbouinstrukteur, 'n Matrone, en twee oopsigters is hier tuis. Die instrukteur tree tergelyke tyd op as Huisvader.

Die boerdery is van gemengde aard om die seuns 'n algemene kennis te verskaf. Daar is bv. heelwat wingerd en vrugtebome. Die bewerking daarvan, wat snoei ens. insluit is van selfsprekend 'n hele opvoeding.

Verlede jaar was die druiwe-oes ongeveer 75 ton, maar graan word ook gesaaï, die opbrengs waarvan sowat 700 sak per jaar is, lewende hawe word ook nie oor die hoof gesien nie. Om met diere te werk en behoorlik te versorg eis ondervinding en dit ontvang die seuns in ruime mate. Selfs aan groente-boerdery word ook heelwat gedoen.

Hieruit blyk die veelsydigheid van die werksaamhede. Die doel is nie net om almal besig te hou nie, daar word ook gemik op 'n nuttige opleiding om die seuns in hul latere lewe 'n heenkome te verskaf en deur hul werkkragte 'n bate vir die samelewing te maak.

Behalwe die plaaswerk word in 'n ander rigting ook heelwat gedoen. Toe die plaas as onderdeel van Tokai oorgeneem is, was dit in 'n verwaarloosde toestand. Die gebou moes aandag ontvang, die gronde, tuin, wingerde, bome ens. was vuil en onbewerk, daar was ook geen draadheinings nie. Langsamerhand word alles in die haak gebring grotendeels met behulp van die seuns en baie van hulle is trots op hulle hande-werk.

Dit wil nie sê dat alles reeds na wense is nie - niks is ooit perfek nie - maar baie is reeds uitgerig en waar die seuns behulpsaam was het hulle ook kosbare ondervinding opgedoen.

Aan die gebou self kan, uit die aard van die saak, die instrukteur met die seuns maar min doen, maar dit is met blydschap dat gesê kan word dat die regering baie gedoen het om die ou historiese gebou op te knap en te voorseen van kaathout deure en vensters wat by die boustyl pas. Kiaathout-tralies voor die deur is ook aangebring en verander die aansien van die huis aanmerklik. Ander geboue is gesloop en nuwes b.v. 'n nuwe stal en bergplek vir gereedskap is opgerig. Die slaaplokaal van die seuns is verbeter en hulle geniet goeie huisvesting.

Met reg kan daar aanspraak op gemaak word dat die fasilitete vir deeglike versorging en opleiding van die seuns van so 'n aard is, dat wie daarvan nuttige gebruik wil maak, in sy latere lewe sal moet erken, dat die tyd op die plaas deurgebring nie gemors was nie.

Almal is gelukkig en doen hulle werk op 'n manier wat toon dat dit nie 'n las is nie maar 'n lus.

J. DE KOCK,  
KROMME RHEE.

„Verlede jaar toe ek die ou vaal merrie gekoop het, kon ek haar later, toe sy nie meer wou trek nie, dood-skiet en vir pa en Jan-goed 'n boud en vir oompie Klaas Tieties-goed 'n rib stuur, maar trou!..... Trou is soos wanneer baas Fanie 'n enjin opsit. As die enjin loop, loop hy dat dit bars, en as hy gaan staan, dan bars of buig, maar dan staan hy - dis nou as die vrou dood is:....."

(Toings se trou-spiets).

ALGEMEEN.

Hierdie Jaarblad is ons eerste uitgawe. Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om almal te bedank vir, wat hulle bygedra het tot sy wording.

Dr. M. Smuts, Visi-Prinsipaal by die Blanke Inrigting is in die loop van die jaar oorgeplaas as hoof van die Rustenburg Industrieskool. Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om hom geluk te wens met die verhoring en ook om hom te bedank vir wat hy vir ons by die Kleurlingafdeling beteken het.

Dr. A.J. Smuts die nuwe Visi-Hoof by die Blanke Inrigting wil ons hartelik welkom heet en hom toebid alle seën en sukses in sy nuwe werkkring.

Ons wil ook die volgende nuwe staflede welkom heet wat vanjaar by die Kleurling Inrigting aangekom het:

Mnr. V. Austin, klerk by die Administratiewekantoor in die plek van Mnr. F. de Villiers, wie oorgeplaas is na die Rustenburg Industrieskool; Mnr. A. Stander die nuwe Kleremaker-instrukteur, wie in die plek van wyle Mnr. Rothman aangestel is; Mnr. van Dyk wie aangestel is as huismeester by Orpenhuis en Mevr. M.F. van Antwerp wie aangestel is as Matrone.

Die Kleremaker seuns kan maar nie Mnr. Craft vergeet nie. Hy het sy spore diep op Tokai gedruk. Ons wens hom ook alle sukses toe in sy nuwe werkkring by die Heidelberg Industrieskool. Tokai se verlies is Heidelberg se wins.

Die konsert van hierdie Inrigting word vanjaar op verskillende plekke gehou. Die plan is om die konserte te hou in Kaapstad, Soutrivier, Claremont, Wynberg en Retreat. Ons wil hoop dat dit 'n groot sukses sal wees.

Mnre. Maree en Conradie wat verantwoordelik was vir die afrig van die konsert; Mn. van Zyl en die ander vriende wat gehelp het met kaartjies verkoop, wil ons ons hartelike bedankings oorbring vir hulle werk en opoffering.

Op 31 Mei 1939 - Uniedag was ons Jaarlikse Sports. Die leerling wie die Victor Lodorumbeker verower het by Orpenhuis was Ernest Senecke, en die leerling by Porterhuis was Andries Kneg. Ons Lid van die Volksraad Mn. M. Sonnenberg het die Victor Lodorumbeker vir Orpenhuis geskenk. Ons hartelike dank ook aan hom.

By die 200 leerlinge het al die voorreg gehad om na-weke of vakansies by hulle ouers deur te bring. Van hierdie groot getal het nog net 3 ons teleurgestel met swak gedrag tydens die vakansie. Ons as leerlinge wil graag die Raad en ons Prinsipaal hartelik bedank vir die groot voorreg en hulle die versekering gee dat ons as leerlinge sowel as ons ouers dit hoog waardeer.

Laaste jaar het die Inrigting sy eerste kamp by Houtbaai gehad. Dit was nie alleen 'n groot genot, maar daarby ook 'n groot sukses. Vanjaar sal ons by Kommetjie gaan kamp. Ons hoop dat dit nog 'n groter sukses as laaste jaar se een sal wees.

Ons wil al die persone wat ons vanjaar kom besoek het, voordragte kom lewer het, ons trakteer het - ja al ons baie vriende bedank vir hulle belangstelling in ons. Ons hoop dat ons hierdie belangstelling ten alle tye sal geniet en dat ons sal toon dat ons dit verdien.

Die Redaksie wens die Staf, leerlinge, ouers en al ons vriende toe 'n geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige 1940.

---

## KRIEK BULT!!

"Snoek Town Calling!! The craziest radio-station south of the Equator!" pardon, dis Tokai, Orpenhuis, die seuns wat so baie dametjies verlieg maak op hulself - ag, hoe glip my tong - ek bedoel op die musiek. Golflente 4137 - 4980.

Die Prinsipaal stap agtien maande gelede die binnehof in met 'n ghitaar in sy hand. „Wie van julle kan ghitaar speel?"

Uit die veld geslaan, met pette af, staar hulle verbouereerd. -Eindelik met groot - groot slukke kom een bedeessd nader. „Ek 'k, ekke, sal probeer om te speel." Die hele klomp kom tot besinning en klap hande. So het die eerste musiekinstrument sy verskyning gemaak. Met die ontstaan van die Eie-aand het daar meer en meer aanvraag vir musiek gekom. Talente wat in sweetdoek gedraai was, tree te voorskyn.

Met behulp van sommige ouers, biduur kringe, wellwillende vriende ens. groei die aantal instrumente. Weer kom die Prinsipaal asook Visie-Prinsipaal ons te hulp, klop by die Departement aan, en ons kry 'n toelaag. Op die oomblik is die Orkes 26 sterk: 1 klavier, 3 viole, 2 banjolines, 1 mandoline, 2 mondfluitjies, 1 basviool, 2 banjos, 3 mondharpe, 1 lepels, 1 kazoe en 9 ghitare.

Die orkes is 'n kragtige opvoedingsmiddel, vandaar die aandag en opoffering wat vrywillig daaraan bestee word.

1. Soos gesê, dit bring sluimerende talente na vore.
2. Dit bind seuns vaster in 'n vrien skaps groep, wat mekaar leer verstaan en verdra.
3. Dit beur medekamerade op, laat hulle moeilikhede vergeet; dit bied aangename ontspanning in die ure na die dagtaak beëindig is, ure wat maklik met minderwaardige dinge omgespeel kan word.
4. So gou soos ons enigsins 'n geselsap kan vergas, het die deure oopgegaan na Christelike en sosiale verenigings. Die seuns het gevoel dat hulle darem nog nie uit-skoppelinge van die maatskappy is nie; dat hul waardeer word. Die buitewêreld stel so belang in sy probleem-kinders en hulle kom in aanraking met mense wie se vriend-

skap heilsame inwerking bied. So was daar uitnodigings b.v. van Kaapstad, die C.J.V. Claremont, Wynberg (verskeie male) Retreat (enige kere) en Grassy Park. Daar hoor hulle soms puik musiek en sang, dit laat hulle hoer strewe. - En as jy strewe dan lewe jy - Praat van lewe, Tokai het al gehore so effens lewendig gemaak dat die tom in die skoene roer, en later werklik 'n geskuif gehoor word - en dan ook nie net altyd die voordansters nie!!! Ek mag nie geheime verklap nie maar u sal verwonder wees wie se voete al geroer het!!!

5. Seuns voel gouer tuis, deurdat die wat talente het, spoedig in die orkes ingelyf word.

Een van die mooi dinge is die lewe van ons seuns en die maatskaplike groep waaruit hulle kom is hulle liefde vir musiek. Daar is weiniges van ons seuns, veral as hulle net hier land, wat min vatbaarheid toon vir hoere dinge, maar vir musiek is daar altyd 'n luisterende oor. Nie lank nie en daar is ander raakpunte.

F. CONRADIE.

---

Soetjies vat en kry reg; ruk en pluk en gooï weg.

---

"Luck" is a very good name if you put "P" before it.

---

DIE HUISKOMITTEES 1939.ORPENHUIS:-

Mnr. F. Conradie. (Huisvader).	David Morris.
John Hendricks. (Leier).	Dickie Richalls.
Edward Furness (Sekretaris).	Harry Tellers.
Joseph Abdullah.	Willem Arendse.
James Smith.	George Hudsonberg.
Hans Roberts.	Cornelius Januarie.
Paul Isaac.	Cecil William.
Peter Bull.	Andrew Gordon.

PORTERHUIS:-

Mnr. S.W. Maree (Huisvader).	
Zacharias Dyssel (Leier).	
Leslie Sanders. (Sekretaris).	
Daniel Salfester.	
Willem Jafthe.	
Adams Mans.	
Ronald Mitchell.	
John Africa.	

KROMME RHEE:-

Mnr. J. de Kock. (Huisvader).	
David Carls. (Leier).	
Fred Waldeck. (Sekretaris).	
Klaas Afrika.	
Koos Piedt.	
Edward Booysse.	
Jim Baadjies.	

STD. VI EXAMINATION RESULTS.

The following pupils were successful in their National Std. VI Examination:-

NOVEMBER 1938:

Henry Adams.  
Fred Hess.  
George A. Houston.  
Ernest W.P. Johnson.  
Sidney B.G. Polman.

JUNE 1939:

Joseph Abdullah.  
John Diedericks.  
Newton Dunn.  
Zacharias Dyssel.  
Edward J. Furness.  
Arthur Furst.  
Louis Gilbert.  
Andrew Gordon.  
James Smith.  
John William.

OUR CONGRATULATIONS!

FROM OUR ANNALS:

Jan. 1939. The concluding remark of the Principal's Report.

GENERAL: "The conduct of the boys has been exceptionally good during the holidays.

It is even more creditable to our general methods and spirit that we have had such an easy time during these trying days, when we know that most Cape Town boys yearn for the excitement of the Cape Town street and become restless and irritable over Christmas and New Year."

The staff have decided to discontinue the cumbersome designations Juvenile Section and Juvenile Adult Section and to have these replaced by the name Porter House and Orpen House respectively.

Mr. J.H. van Wyk, B.A. S.T.D. assumed duty as an additional teacher on the 24th instant.

FEB.

Adv. H.A. Fagan, Min. of Education, and Mrs. Fagan spent the evening of the 28th January with us on the occasion of a bioscope entertainment with our talkie projector.

MARCH.

As a result of the reorganisation of the school and the appointment of an additional teacher, 150 pupils now receive education in graded classes up to Std. VI, while special classes are provided for the rest, who are mostly older boys. The object of the special classes is to help the pupils, who cannot read or write with certain essentials.

APRIL.

Mr. C. Smit, organisor of physical education to the Union Education Department, is on an instruction visit during this week.

Thirty pupils from Orpen House went hiking. They started from Tokai on Friday and visited Houtbay, Kommetjie, Fishhoek and returned the following Monday. Their behaviour on this tour was excellent and they enjoyed it thoroughly.

Rev. Alexander, Bishop of the African Orthodox Church, visited on the 25th instant.

MAY. A month of Visits.

Mr. Heese and 58 student-teachers preparing for special class teaching at the University of Stellenbosch visited on Tuesday the 2nd of May.

Miss Erica Theron and 30 Social Science students from the University of Stellenbosch visited on the 4th instant.

Mr. Kuschke, Secretary of Social Welfare and friends visited on the 26th May.

A successful sportsday took place on the 31st.

JUNE.

Mr. Croft left on transfer on the 5th to take up duty at the Heidelberg Transvaal Industrial School.

Mr. Rothman assumed duty as Tailor Instructor.

JULY.

Mr. de Villiers, record-clerk, left for Rustenburg.

Mr. Austin assumed duty in the place of Mr. de Villiers.

Ten pupils passed their National Std. VI Certificate Examination.

Four educational visits by pupils were made to Cape Town touching at the Zoo, the Castle, Museum and Docks. It must be remembered that many of our pupils are from the country.

AUGUST.

Prof. Taute and Dr. van Rensburg of the Education Faculty, University of Stellenbosch, with a party of 20 students visited on the 2nd instant.

A course of lectures to the staff for the purpose of giving guidance and interest in the work was started on the 16th instant.

SEPT.

Mr. Rothman died on the 2nd of September. Permanent relieving Supervisor: Mr. van Dyk assumed duty on the 1st instant.

Housemasters and Assistant Housemasters and a Matron were appointed and assumed duty on the 21st instant.

## THE INFLUENCE OF DAGGA.

Some time ago the word "dagga" conveyed little to me; to-day, however, I look upon it as one of the most potent forces which has led our inmates from the beaten track. Their intimate knowledge of dagga, their degenerated bodies and minds, are pointing to the fact, that "dagga" is no hypothetical danger, but a real menace.

Perhaps I can do no better than write a short essay based on data received from pupils.

Seeing that it is not very difficult to procure dagga, judging from the following, the scope of dagga is a wide one:

"In a city there is a man in each district, who receives a packet of dagga, weighing about five pounds, every week. He then makes it up in small cylindrical packets, each about an ounce in weight; these packets or "tickets" as they are called, are sold at sixpence each. They are sold by "runner", generally young boys and girls. These "runners" know all the dagga smokers in their neighbourhood and a hundred packets or so would be sold in half a day's time."

Dagga smugglers are prepared to run a great risk, seeing that this illicit trade is so profitable.

"I know a man in Pretoria, who made his fortune by selling this drug. He goes out on the farms and buys a big bag full for £10 - £15. When he returns he sells it for 6d a large matchbox full, and when the bag is empty, his profit is at least £15 or more."

False popular opinion tends to widen the scope of dagga.

"Dagga is sold at chemists as a remedy for tuberculosis."

Moreover, there is a tendency amongst very young children to smoke dagga.

The influence of dagga on the drug addict seems to be:

1. An instant craving for more dagga.

2. Thirst, resulting in partaking of drink.

3. An insatiable hunger. Under the influence of dagga people very often steal food though they

had never done so previously.

This being physiological influences, rather than psychological, the latter would seem equally "fascinating."

- a. Reasonable fear is diminished. The person would not hesitate to assault a man twice his size.
- b. There is a positive urge towards doing the incorrect thing. "If clothes were seen in the back yard, you would not be able to fight the temptation of stealing them."
- c. The addict to dagga, becomes quarrelous.

"The effect that it had on me was surprising. Me, a boy that was scared to get into any sort of trouble, found myself wanting to fight. I was challenging anybody in the house to fight. John, who was just as far gone as myself, accepted the challenge, and the next thing, we were having a proper rough fight."

- d. A person forgets all his troubles. In imagination he lives in another world. It is an extremely fantastic world in which he plays a very important role.
- e. The dagga-smoker is a poor listener. He is sleepy and his reactions slow and lethargic.

Dagga is no hypothetical danger to our community but a real menace. It has a wide scope. It has a culmulative effect towards illegal acts; it brings the brute in man to the fore after having paralysed his higher nature.

J. VAN WYK.

As ek wil het ek 'n onbreekbare sterke wil.

Ongelukkig wil ek nie altyd wil nie.

AAN ONS OUD-LEERLINGE.

Dit sal ongetwyfeld baie swak van ons wees, as ons die gulde geleentheid, om 'n woordjie aan julle te rig, deur middel van ons eerste blad, nie te baat neem nie.

In die eerste plek sal julle seker graag wil weet hoe-dat ons hier vorder. Wel ek is nie van plan om hier vir julle te vertel wat ons nou alles hier doen, wat nie in julle tyd was nie, daarvan sal julle elders in die blad ge-noeg kan lees. Wat ek egter nie kan nalaat nie, is, om julle min of meer 'n idee te gee van hoedat ons inrigting nog steeds uitbrei en hoewel ek nie wil preek nie, dink ek darem dat dit goed sal wees om weer julle aandag te bring, wat ons van julle verwag.

Soos julle weet, dit kom en dit gaan - die groot mas-jien loop maar gedurig sonder ophou, en soos die ou ratte en parte verslyt so word hulle deur nuwes vervang. Julle sal dus ook nie meer al die staf ken wat hier nou werk nie, want in die plek van die oues is daar nuwes en die staf het ook vermeerder in getal, hierdie vermeerdering was genoodsaak deurdat die getal leerlinge ook geweldig ver-meerder het. Uit die volgende is dit duidelik te sien waarom die vermeerdering nodig was:

Aan die begin van 1938 was hier maar sowat 270 leer-linge, vandag, egter, is ons getal 370. Die vermeerdering is dus geweldig, so veel so, dat daar nou 'n groot nuwe tydelik gebou by Orpenhuis opgerig word om aan almal slaapplek te verskaf.

Maar ons kry nie net allen leerlinge in nie, ons plaas ook baie uit, maar tog styg ons getal nog aldag. Dit is juis hierop wat ons trots is, want dit is 'n bewys dat julle wat uitgeplaas is so goed doen, dat die outori-teite met die resultate tevrede is en so hul weg skoon sien om nog altyd meer en meer seuns, wat hierdie soort van opvoeding nodig het, aan ons toe te vertrou.

Die rol wat julle speel wat die werksaamhede van hier-die inrigting betref, hoewel julle nie meer hier is nie, is dus groot, want julle is ons gesante; deur middel van julle toon ons die publiek wat ons beoog en doen. Besef julle nou wat 'n groot verantwoordelikheid daar op julle skouers rus. 'n Verantwoordelikheid waarop elkeen van julle trots behoort te wees! Julle is die voorlopers,

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

**PUBLISHER:**

*Collection Funder:- Atlantic Philanthropies Foundation*

*Publisher:- Historical Papers Research Archive*

*Location:- Johannesburg*

*©2013*

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.